



## **Redaksioneel**

Die redaksie bied graag die tweede uitgawe van 2010 aan.

In hierdie uitgawe dek die artikels 'n wye spektrum onderwerpe. Soos altyd, val die klem telkens op 'n geïntegreerde lewensbeskoulike begroning wat nuwe insigte oor verskeie relevante (vak)filosofiese, morele en etiese kwessies bied.

Daar is 'n sterk behoefte aan die teoreties-filosofiese beoordeling van die hedendaagse popularisering van waardes as rigtinggewend vir instellings, terwyl klem ook gelê moet word op die praktiese implikasies van so 'n waarde-gedrewenheid. B.J. van der Walt ondersoek die aard en outoriteit van waardes vanuit 'n reformatoriese perspektief. Die aktualiteit van hierdie bydrae word verhoog deur die konkretisering daarvan in 'n gevallestudie van 'n waardegedrewe hoër onderwysinstelling. J.L. van der Walt fokus vanuit 'n ander hoek op institusionele identiteit en die probleem van religie in/en onderwys. Hy argumenteer dat die strategieë van onderwysbeleidmakers wêreldwyd tekortsiet in die bereiking van 'n ekwilibrium op die universeel-partikuliere kontinuum. Sy alternatiewe voorstel waarin individuele skole se institusionele identiteit sentraal staan, lewer 'n belangrike bydrae tot die groter debat. Albei hierdie artikels se argumente verdien verdere gesprek en diskussie-artikels hieroor word verwelkom.

'n Verskeidenheid verhoudings beïnvloed identiteitsvorming. H.B. Grobler werk vanuit 'n gestalt-teoretiese perspektief om die rol wat vaders en seuns se verhouding met God het, op hulle manlike identiteitsvorming aan te toon. Informatiseringsprosesse speel ook 'n sterk rol in die ontwikkeling van ons mensbeeld, argumenteer C.S. de Beer. Teen die agtergrond van drie spesifieke ontwikkelings in ons mensbeeld, wys hy op die post-humane figuur wat ontstaan. Hy toon aan hoe 'n herdink van hierdie mensbeeld ryker moontlikhede kan open in die hantering van krisis in kontemporêre samelewings.

Die onlangse voedselskandale in Suid-Afrika roep 'n aantal etiese vrae op. M. van der Merwe en K. Venter se bestudering van verbruikersperspektiewe op etiese voedsel etikettering dui 'n leemte in navorsing oor voedsel etikettering aan. In Suid-Afrika is die ontwik-

keling van onervare, voorheen-benadeelde individue uiters belangrik. S. Schulze ondersoek hoe mentoring navorsingselfwerkzaamheid kan bevorder en formuleer op grond hiervan drie ondersteunende beginsels.

D.F.M. Strauss belig 'n insiggewende, maar verwaarloosde faset van D.F. Malherbe se nalatenskap, naamlik sy siening van die selfstandigheid en afhanklikheid van kuns en estetika. Strauss wys op Malherbe se analise van basiese estetiese beginsels soos dit die koherensie tussen die estetiese en nonestetiese aspekte van die werklikheid reflekteer.

Ten slotte verskyn daar ook verskeie resensies van onlangs gepubliseerde boeke.

Verskeie *Koers*-lesers het laat weet dat hulle die nuwe voorkoms van die tydskrif aantreklik vind. Dit is maar een van die ontwikkelings wat die redaksie vir *Koers* beplan. Voortaan kan lesers ook uitsien na 'n gereelde redakteursbrief, asook 'n nuusgedeelte. Daar is 'n splinternuwe *Koers*-webblad waar artikels voorgelê kan word en kommentaar op artikels geplaas kan word ([www.koers.co.za](http://www.koers.co.za)).

Ook die *Koers*-vereniging is besig om van krag tot krag te gaan met nuwe inisiatiewe sowel as nuwe lede (veral jonger lede en geesgenote uit Afrika) wat by die Vereniging aansluit. Een van die besluite wat deur die Vereniging geneem is en ons tydskrif direk raak, is om *Koers* se gesitueerdheid in Suid-Afrika en Afrika te beklemtoon, terwyl ons steeds internasionaal relevant bly. Daar is ook besluit om ter viering van *Koers* se 75-jarige bestaan, voortaan jaarliks 'n konferensie aan te bied. Die tema van 2011 se konferensie is "Worldview and Education". Hierdie internasionale konferensie vind plaas op 30 Mei tot 2 Junie 2011 te Potchefstroom. Loer gerus na ons webblad vir meer inligting hieroor: [www.koers.co.za](http://www.koers.co.za)

Ons hoor graag wat lesers van hierdie ontwikkelings dink en sien ook uit na opvolgartikels wat die debatte wat in *Koers* gevoer word, verder neem.

## **H. Hoogstad**

**Redakteur: *Koers***